Skrifgedeelte: Jesaja 60

Teksverse: Jesaja 60:1

Tema: Laat skyn jou lig die toekoms in!

Word wakker! Dit is wonderlike woorde wanneer iemand vir wie jy lief is vir jou ontbyt in die bed bring. Maar op `n koue wintersoggend is hierdie woorde nie lekker nie - veral nie as ma of pa dan in die kamerdeur staan en jou wakker maak om skool toe te gaan nie.

Hierdie eerste drie verse van Jesaja 60 is só `n *wake-up call* - die wonderlikste, mooiste en soetste wakker-maak wat daar nog ooit was! Met die woorde van hierdie drie verse het die Here deur Jesaja die volk wakker gemaak en opgeroep om werklik weer te begin lewe. Met hierdie woorde het die Here vir hulle `n toekomsvisie gegee toe hulle glad nie een gehad het nie. Sien, die Israeliete was in ballingskap en op hierdie stadium het die toekoms vir hulle baie bleek gelyk.

Hulle was amper soos lewende lyke wat rondgedwaal het. As ons byvoorbeeld in Jeremia 29 gaan luister, dan hoor ons dat die volk só negatief was, toe hulle in ballingskap was, dat hulle nie eers wingerde geplant of huise gebou het nie. Hulle het geen toekomsvisie gehad het. En dit is juis dan, wat God aan hulle hierdie toekomsvisie gee in Jesaja 60.

Aan die een kant gee die Here die opdrag dat hulle, hulle lig moet laat skyn, maar aan die ander kant sê die Here vir die volk dat die lig vir hulle gekom het en dat die nasies na hulle lig toe kom. En die rede hoekom die Here aan die een kant vir hulle die opdrag gee om hulle lig te laat skyn en aan die ander kant sê dat die lig vir hulle gekom het, verduidelik die Here self vir hulle wanneer Hy sê dat die magtige teenwoordigheid van die Here vir hulle die lig gebring het.

Met hierdie paar woorde vat die Here die hele geskiedenis van sy verhouding met Israel saam. Sien, toe die Here deur Moses die volk uit Egipte gelei het, was sy teenwoordigheid en grootheid by hulle gewees in die tabernakel, maar weens die sonde van die volk het die Here in Samuel se tyd Sy heerlikheid van die tabernakel onttrek. Toe het die teenwoordigheid van die Here na die volk toe gekom in die tempel en in die tempel kon die volk die heerlikheid van die Here tot `n mindere mate beleef. Maar, weereens, weens die sonde van die volk het die Here sy teenwoordigheid en heerlikheid van die tempel terug getrek en is die tempel verwoes.

En hier sit die volk in ballingskap, sonder die teenwoordigheid en heerlikheid van die Here. En dit is hier waar die Here vir die volk sê: "My teenwoordigheid en heerlikheid gaan nou na julle toe terug kom, maar hierdie keer nie in `n gebou nie, maar in My teenwoordigheid self!" Dit is hoekom die Here in vers 20 vir hulle sê dat die Here hulle son en maan sal wees en dat Hy nooit ondergaan of verdof nie. Die Here self sal vir die volk `n ewige lig wees.

Daarom word daar `n rede gegee vir hoekom die volk hulle lig moet laat skyn: hulle het nou `n toekomsvisie, wat groter is as enige iets wat hulle al ooit beplan of gedroom het. In verse 4 tot 22 word daar vir die volk `n besonderse toekomsvisie van wonderlike rykdom geskets. Met hierdie woorde sê die Here aan die volk dat Sy heerlikheid en teenwoordigheid vir hulle ontsettende rykdom bring - rykdom wat ons nie eers ten volle met ons menslike verstand kan begryp nie. Maar al kan hulle dit nie begryp nie, dit gaan verseker só wees, want net só seker as wat die Here se heerlikheid en teenwoordigheid by hulle gaan wees, net só seker sal die Here aan hulle hierdie rykdom gee.

En eeue later, toe die Jode al terug gekeer het uit ballingskap uit en hulle al amper vergeet het van hierdie belofte, sê Johannes hierdie woorde: "In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God...In Hom was daar lewe en dié lewe was die lig vir die mense. Die lig skyn in die duisternis en die duidsternis kon dit nie uitdoof nie...die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe. Hy was in die wêreld - die wêreld het deur Hom tot stand gekom - en tog het die wêreld Hom nie erken nie..."

Toe Christus gebore is, het Hy die magtige teenwoordigheid van die Here na ons toe gebring. Hy is die Lig waarvan Jesaja geprofeteer het en Hy is die Here wat ons son en maan is wat nie ondergaan nie en nie verdof nie. Hy is die Here wat ons ewige lig sal wees en dit is Hy wat vir ons ook `n toekomsvisie oopsluit. Hy gee aan ons `n ewige lewensplan wat ons drome en ideale verder neem as bloot `n goeie kwalifikasie, `n stewige pensioenfonds of `n goeie oes.

Daarom dat Jesus Christus aan ons en aan die dissipels bykans die opdrag herhaal wat die Here vir die volk gegee het. In Johannes 12:35 gee die Here aan ons hierdie *wake-up call*: "...Lewe in die lig terwyl julle dit het, sodat die duisternis julle nie oorval nie...Terwyl julle die lig het, moet julle in die lig glo, sodat julle mense van die lig kan wees." Elkeen van ons wat glo is mense van die Lig, van Jesus Christus, en moet dus só lewe dat ander mense Hom in ons kan sien.

Om as mense van die lig te lewe of om ons lig te laat skyn, beteken dus dat ander mense Christus in ons lewe kan sien. En dan nie net in ons optrede nie, maar ook in die manier waarop ons beplan vir die toekoms. As ek dit só eenvoudig kan stel: Iemand wat nie in die lig lewe nie, dink en beplan só dat die volgende goeie oes of `n stewige pensioen die belangrikste is. Iemand wat sy lig laat skyn, werk hard - verseker! - maar sy toekomsvisie van `n ewige verhouding met God is die fokuspunt van sy bestaan.

Wanneer ons hierna vir Sarel-Francois en Adely gaan doop, gaan ons hoor hoe hulle kinders van die Lig is. Ons gaan hoor dat hulle saam met Christus in sy dood en opstanding ingelyf is en dat hulle weer in Christus tot genade aangeneem word. Ons gaan dus beleef en sien hoe God aan hierdie twee klein mensies die opdrag gee om hulle Lig te laat skyn as deel van die Nuwe Jerusalem, die Kerk van die Here. Ons gaan hoor hoe die Lig vir hulle gekom het, deurdat Jesus Christus hulle Verlosser is. Ons gaan hoor dat die Here se magtige teenwoordigheid oor hulle is. En ons gaan herinner word dat hierdie alles ook ons deel is.

En die rede hoekom die Here vir ons die opdrag gee om Jesus Christus in ons lewe uit te leef is eenvoudig: omdat God ons Sy eie gemaak het deur Jesus Christus, het ons die hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat daar vir ons in die hemel in bewaring gehou word. Om aan Jesus Christus te behoort oortref alles in waarde. Daar is niks wat daarby kom om Hom te ken, vir Hom lief te wees en my lewe aan Hom oor te gee nie.

Al die beloftes wat die Here vir die volk in Jesaja 60:4-22 gegee het, het Hy nog voller en wonderliker aan ons gegee. Ook ons kry hierdie onbeskryflike groot erfenis in Jesus Christus. Hoor bietjie die belofte van hierdie rykdom wat die Here vir ons gegee het:

"Die muur is met opaal gebou en die stad self met suiwer goud wat soos `n skoon spieel lyk. Die fondamente van die stadsmuur is met allerhande edelstene versier: die eerste fondament met opaal, die tweede met saffier, die derde met agaat, die vierde met smarag, die vyfde met sardoniks,

die sesde met karneool, die sewende met chrisoliet, die agste met beril, die negende met topaas, die tiende met chrisopraas, die elfde met hiasint en die twaalfde met ametis...

Die strate van die stad is van suiwer goud, blink soos `n spieel...`n Tempel het ek nie in die stad gesien nie, want sy tempel is die Here God, die Almagtige, en die Lam. Die stad het nie die son en die maan nodig om hom te verlig nie, want die heerlikheid van God het hom verlig en die Lam is sy lamp. Die nasies sal in die stad se lig lewe, en die konings van die aarde verleen luister daaraan...Jesus sê toe weer: "Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het...Geseënd is dié wat hulle klere was, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en deur die poorte in die stad kan ingaan."

Aan elkeen van ons wat aan Christus behoort het God hierdie belofte gegee. Aan elkeen van ons het die Here die opdrag gegee om ons Lig te laat skyn, omdat die Lig, Jesus Christus, vir ons gekom het. Daar is aan elkeen van ons die opdrag gegee om te lewe soos Jesus Christus gelewe het en Hy ons geleer het om te lewe, omdat Hy reeds by ons is deur die Heilige Gees.

Word wakker! Laat skyn jou Lig, Jesus Christus, die toekoms in!

Amen